

Steek èrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Wag-'n-bietjie of langer. Oor die kuns van wag.

Skriflesing: Matteus 25:1-13

Broodjies vir die pad

“If you send out goodness from yourself, or if you share that which is happy or good within you, it will all come back to you multiplied ten thousand times. In the kingdom of love there is no competition; there is no possessiveness or control. The more love you give away, the more love you will have.”

— John O'Donohue, *Anam Cara: A Book of Celtic Wisdom*

“One of the most beautiful gifts in the world is the gift of encouragement. When someone encourages you, that person helps you over a threshold you might otherwise never have crossed on your own.”

— John O'Donohue, *Eternal Echoes: Celtic Reflections on Our Yearning to Belong*

“A waiting person is a patient person. The word patience means the willingness to stay where we are and live the situation out to the full in the belief that something hidden there will manifest itself to us.”

— Henri J.M. Nouwen

“THEOLOGY IS THE study of God and his ways. For all we know, dung beetles may study man and his ways and call it humanology. If so, we would probably be more touched and amused than irritated. One hopes that God feels likewise.”

— Frederick Buechner, *Listening to Your Life: Daily Meditations with Frederick Buechner*

“To become a person does not necessarily mean to be well adjusted, well adapted, approved of by others. It means to become who you are. We are meant to become more eccentric, more peculiar, more odd. We are not meant just to fit in. We are here to be different. We are here to be the individual.”

— James Hollis, *Through the Dark Wood: Finding Meaning in the Second Half of Life*

As bikers brood breek

My pa het ons geleer dat geen ordentlike vrou agter op 'n motorfiets klim nie en hy was selde of ooit verkeerd oor lewensgoed. Behalwe dié keer ...

Liewe Pa, ek dink ek het geleer vlieg.

Uiteindelik. Nét hiér, op aarde.

Sonder 'n besem of vliegtuig.

Jy was verkeerd oor bikers, Pa.

Ek kon nêrens die hell in die angels vind nie

en van ducktails was daar geen spoor nie. Net mense wat mekaar respekteer en die reëls van die pad noukeurig volg. Jy sien, Pa, as bikers brood breek los hulle nie krummels op die vloer nie. Nee, hulle laat val genoeg vir dié wat honger is vir vriendskap, hul plant wit kruise vir plaasmoorde en koester die lewe. Vroegoggend beleef hulle die dou, vang hul die son uit die wolke en ruik die lemoenbloeisels op uit die vars aarde. Agter leerbaadjies en kragtige enjins klop harte van goud. Want bikers breek brood nes nagmaal. Daar is sin in die wings en die angels. En hulle leer jou hoe om te vlieg. Nét hier op aarde.

Azette Wiesner

Wagtend op 'n Kubaan in die bar op De Aar

Dana Snyman

Op De Aar-stasie is nie 'n siel nie.

“Hallo!” roep ek by die traliehek by die voordeur. “Hallo!” Hier iewers was 'n ry foonhokkies.

In die 1980's was dit naas Germiston die bedrywigste stasie in die land. Die spoorlyne uit die Kaap, Natal en die noorde kom hier bymekaar. Hier het jy gewag vir 'n aansluiting as jy 'n troep was op pad na die operasionele gebied in die ou Suidwes-Afrika. Grens toe.

Die kroeg – die bar op De Aar waarvan Koos Kombuis sing – was op perron nr. 4 as ek reg onthou; en iewers was 'n kennisgewingbord waarop gestaan het: “Maak jou reg om jou Here te ontmoet.”

Ek gaan vra op die dorp rond. Dit is my vierde dag op die langpad. Ek ry van stasie na stasie op soek na woorde vir dit wat daar nie meer is nie.

Dons Winiecke, 'n oud-treindrywer wat al jarre hier woon, sê hy sal my gaan wys waar wat op die stasie was.

Ons gaan by die agterkant in. Party van die geboue is afgebreek en by net een van die perronne hou nog soms 'n trein stil.

“Hier was dubbeldeure,” beduie oom Dons op perron nr. 4. “Hier het jy ingekom.”

Hy wys na die leë perron, die bar op De Aar is platgeslaan. “Hier was tafeltjies. Daar was die toonbank. 'n Mooi rak agter teen die muur vir die bottels. Waaiers teen die dak.” Oom Dons glimlag 'n dun glimlaggie. “Hier het die outjies gesit en drink.”

Jy is 18 jaar oud, dalk 19. Jy bestel 'n Coco Rico en Coke, 'n gewilde keuse vir die beginner-drinker.

Jy weet nie wat op die grens vir jou wag nie. Jy wil nie hê die ouens in jou peloton moet weet jy gebruik nog Clearasil vir jou puieties nie. Jy dra 'n leerklappie oor jou polshorlosie se gesig sodat Swapo en die Kubane nie snags die fosforsyfertjies moet sien nie. Jy haat jou korporaal, met sy snor en sy Don Williams-kassette.

Jy voel nie gereed om die Here te ontmoet nie.

Al Kubaan wat jy nog gesien het, is 'n foto van Fidel Castro in die koerant. Jy verlang na jou ma en stap tussen die honderde

mense op die peronne deur na die foonhokkies toe.

Jy maak 'n kollekteeroproep huis toe, maar jy sê nie vir jou ma jy is lief vir haar nie, jy is bang die ouens in die ry agter jou hoor dit.

Derduisende mense in die land moet hul eie De Aar in die geheue hê – herinneringe vermink deur die gang van die jare en die agteruitgang van die stasie.

Die duikweg onder die spoorlyne deur is gesluit. Hier rangeer nie meer treine nie.

Die hotel oorkant die straat staan ook toe. In gister se koerant was 'n berig: Meer as R5 miljard is in die laaste klomp jare by Prasa, wat die passasierstreine beheer, gesteel en niemand is nog daarvoor tronk toe nie. Ek klim terug in die bakkie. Iewers anders op die dorp behoort 'n mens seker darem nog 'n Coco Rico en Coke te kan drink.

(Word vervolg.)

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wagtend-op-n-kubaan-in-die-bar-op-de-aar-20201030>

“One of the deepest longings of the human soul is to be seen.”

— John O'Donohue

“A man who becomes conscious of the responsibility he bears toward a human being who affectionately waits for him, or to an unfinished work, will never be able to throw away his life. He knows the "why" for his existence, and will be able to bear almost any "how".”

— Victor Frankl, *Man's Search for Meaning*

“Perhaps all the dragons in our lives are princesses who are only waiting to see us act, just once, with beauty and courage. Perhaps everything that frightens us is, in its deepest essence, something helpless that wants our love.”

— Rainer Maria Rilke, *Letters to a Young Poet*

“There is neither happiness nor misery in the world; there is only the comparison of one state with another, nothing more. He who has felt the deepest grief is best able to experience supreme happiness. We must have felt what it is to die, Morrel, that we may appreciate the enjoyments of life.

“Live, then, and be happy, beloved children of my heart, and never forget, that until the day God will deign to reveal the future to man, all human wisdom is contained in these two words, 'Wait and Hope.'”

— Alexandre Dumas

“The world is full of magic things, patiently waiting for our senses to grow sharper.”

— W.B. Yeats

Brood vir die pad

Meer en meer engele verskyn in grendeltyd

Christina Landman

Die vroeë Christene het sterk aan engele geglo. Engele het hulle vertroos, beskerm en vir hulle boodskappe gebring toe daar nog nie 'n Bybel was nie.

'n Mens wonder of Christene nog aan engele glo. So vra ek 'n groepie goeie Christene of hulle al 'n engel gesien het. Die een sê elke mens wat deur die dag vir haar glimlag of goed is, is 'n engel. En sy probeer ook vir ander 'n engel wees.

Nee, sê iemand anders, 'n engel is bonatuurlik. Hulle loop

tussen ons rond, maar ons sien hulle nie. Hulle beskerm ons terwyl ons dikwels nie eens op daardie oomblik weet dat dit hulle is nie. Sy het dit al ervaar. 'n Ander een sê, my mense glo as jou ouma of oupa doodgaan, dan word hy of sy jou beskermengel.

Maar ek dink nie die dominee gaan daarmee saamstem nie, sê sy.

Met Covid-19 het mense se behoefte aan engele drasties gestyg. G'n mens sal kan sê presies hoeveel nie, want dis verpleegkundiges en beraders en sielkundiges wat dit waarneem. En dis professionele mense, wat nie daarvoor mag praat nie. En tog glip die verhale uit.

Mense wat engele sien net voordat hulle aan Covid-19 sterwe. Mense wat verskriklike verliese ly – werk verloor, verhoudings verloor, geliefdes verloor, alles verloor – en dan wawyd wakker 'n engel sien wat hulle aanmoedig en troos. Ek hoor 'n paar plaaslike beraders sê daar is 'n 30%-toename in engel-verhale wat hulle in hul spreekkamers hoor.

Eksel het met my rok op my knieë verskeie engel-verhale gedurende grendeltyd aangehoor.

En elke keer was daar die vrees by die verteller: Maar wat gaan die kerk daarvan sê? Die dominee gaan my betig. Die mense gaan vir my lag. Hoe moet die kerk en sy ampsdraers mense se engele hanteer? Veral nou in 'n tyd dat mense 'n ongelooflike sterk behoefte aan engele het.

Jare gelede het 'n vrou met 'n klomp grade en 'n koel kop wat nie aan bonatuurlike en buite-liggaamlike goed geglo het nie, my 'n ding vertel. Nadat sy vroeg moes aftree, het sy van verveling begin drink en dobbel. Al haar pensioengeld daarmee heen. Sy het ook uit haar bejaarde ouers geld gelieg. En toe dit uitkom . . . die skaamte, die armoede, die leegheid en die selfdoodgedagtes. Een nag het sy twee-uur wakker geskrik. Ja, sy was beslis wawyd wakker. Drie engele het op die onderpunt van haar bed gesit.

“Hulle het soos mense gelyk. Die vrou het 'n pragtige rok met fyn stukkie groen, blou en geel insetsels aangehad. Sy het lang, bruinblonde hare gehad en vriendelik geglimlag, so 40 jaar oud. Die man het 'n swart pak met 'n wit hemp aangehad, omtrent 30 jaar oud. Die man het 'n tree vorentoe gegee en gesê: 'Jou sonde is vergewe.' Die derde engel was vaag, agter die vrou. In 'n oomblik was hulle weg. Ek het definitief nie gedroom of gehallusieer nie.”

Sy het begin genees van haar verslawings, beweer sy. Dit het lank geneem. Sy het meer gelowig geword, maar gaan nie kerk toe nie. “Hulle sal vir my lag en my engele by my steel,” sê sy.

Ek wens ek en die kerk het daardie tyd beter geluister. Dan was ons dalk beter voorbereid op die Covid-19-engele.

* *Landman is professor in teologie aan Unisa.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/meer-en-meer-engele-verskyn-in-grendeltyd-20201027>

“The word longing comes from the same root as the word long in the sense of length in either time or space and also the word belong, so that in its full richness to long suggests to yearn for a long time for something that is a long way off and something that we feel we belong to and that belongs to us. The longing for home is so universal a form of longing that there is even a special word for it, which is of course homesickness,”

— Frederick Buechner, *The Longing for Home: Reflections at Midlife*